SEREMONIES IN DIE VOORTREKKERS

Hierdie konsep is saamgestel vir NK Seremonies deur Lukas de Kock met die grootste waardering teenoor almal wat reeds insette gegee het. Die vriendelike versoek om dokument oorsigtelik deur te gaan vir raamwerk insette, daarna vir basiese inhoud en daarna vir spesifieke inhoud. Voeg by waar nodig, wys spesifieke foute uit asseblief. Invoeging van sketse moet oorweeg word? Die terugverwysings na ander paragrawe en paragrawe regmaak sal heel laaste gedoen word. Met groot dank vir jou insette!!

Algemene opmerkings vir die leser van hierdie konsep

1. Hierdie dokument is saamgestel na alle bestaande dokumente nagegaan is wat aan almal op epos gesirkuleer het en verskeie gesprekke aangehoor is. Daar is enkele persoonlike insette ingewerk.
2. Daar moet deeglik besef word dat Die Voortrekkers 'n *kultuurbeweging* is maar met orde en dissipline en dat seremonies gebruik word om 'n aantal redes soos in die reglement opgeneem se tweede paragraaf opgeneem.
3. Die Reglement bevat die absolute vereistes wat alle Voortrekkers moet gebruik wanneer enige seremonie in Die Voortrekkers beplan en uitgevoer word. Die vlagkode (8.1) is vir die Voortrekkers 'n samevatting en word deur ons aangepas soos dit vir ons gaan werk. Die inhoud is wel onderhewig aan internasionale kode/gebruike.
4. Die Seremonie Handleiding wat by Seremoniekursus beskikbaar moet wees bevat al die bykomende, veranderbare punte wat 'n seremonieleier kan gebruik om seremonies na gelang van omstandighede in te kleur. Dit sal ook al die ander seremonie aspekte opneem soos 'n erewag, ontvangswag, vlagverbranding.
5. 'n Belangrike konsep wat voorgestel word is dat deurgaans na die uitroep aard van bevele verander word na tipies aan ons aard duidelik hoorbare bevele sonder skree en uitgerekte, toonveranderde bevele – praat met die Voortrekkers/gehoor in duidelike versoeke en nie meer in uitgerekte bevele wat die kinders laat lag nie.
6. Daar word deurlopend verwys na "Voortrekkers" of "gehoor" of "dames en here" wanneer daar in 'n seremonie met mense gepraat of bevele deurgegee word.
7. Die invoeging van vlagstasie is ooreenkomstig internasionale gebruik.
8. Byvoeging van 'n "ruimte" by vlagpresentering/verwydering is omdat vele van hierdie seremonies nie by 'n "verhoog" gebruik word nie.
9. Die gebruik van 'n "fluit" om orde te bring of aandag te vestig is deurgaans uitgehaal
10. Parade en parade-offisier is deurgaans uitgehaal
11. Verwysing na manlik of vroulik is uitgehaal
12. Landsvlag is met Nasionale vlag vervang
13. Deurgaans is Namibië met 'n nasionale vlag in ag geneem met omskrywings indien gesamentlik in 'n seremonie vlae gebruik word.
14. Die verpligting dat vlagdraers, saluutoffisier en seremonieleier nie mag saamsing nie is uitgelaat vir individuele besluit (ek self moet baie kere saluut neem en insit en daar is ook geleentheid geskep waar almal saam saluut kan neem en saam sing)

HOOFSTUK 27: SEREMONIES IN DIE VOORTREKKERS

1. INLEIDING

Seremonies word baie gereeld in Die Voortrekkers gebruik en is die aktiwiteit wat die gemeenskap altyd sal sien. Dit is noodsaaklik dat seremonies altyd netjies tot uitvoering gebring moet word.

2. DOEL VAN SEREMONIES

2.1 Skep van uitstekende atmosfeer onder Voortrekkers en gemeenskap teenwoordig.
2.2 Skep orde en dissipline onder Voortrekkers en dra dit ook aan die gemeenskap oor.
2.3 Gesagsaanvaarding word ingeoefen onder Voortrekkers en aan gemeenskap oorgedra.
2.4 Vestiging van positiewe burgerskap onder Voortrekkers en gemeenskap.
2.5 Bou die beeld van Die Voortrekkers in gemeenskap.
2.6 Leer selfdissipline aan vir alle Voortrekkers.
2.7 Verantwoordelikheidsin word gebou onder Voortrekkers.
2.8 Samewerking onder ‘n groep Voortrekkers word verbeter.

3. SOORTE SEREMONIES

3.1 Daar is ‘n groot aantal seremonies wat in Die Voortrekkers gebruik word en ‘n paar wat baie algemeen gebruik word is: Vlagseremonies; Inlywingseremonies; Toekenningseremonies; Erkenningseremonies; Kampvuurseremonies; Fakkelseremonies ensomeer.
3.2 Vlagseremonies wat algemeen gebruik word is: Vlaghysing, vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering.
3.3 Tydens ‘n bepaalde seremonie word daar gebruik gemaak van verskillende seremonies soos ‘n jaarafsluiting sal ‘n vlag-, inhuldiging- en erkenningseremonie kan insluit.

4. ALGEMENE BEGRIPPE

4.1 **Seremonieleier:** Persoon in beheer van die seremonie. Die seremonieleier word deur die bevelvoerende offisier aangewys.
4.2 **Bevelvoerende offisier**: Die verkose leier van 'n bestuursliggaam; ook 'n offisier wat deur 'n bestuursliggaam aangewys is om in bevel te staan van 'n bepaalde aktiwiteit, byvoorbeeld 'n gebiedskamp.
4.3 **Saluutoffisier:** Persoon wat die amptelike saluut moet neem tydens die vlagseremonie. Die Voortrekker met die hoogste rang teenwoordig by die seremonie moet die saluut neem tensy daar vooraf ooreengekom is met hom/haar dat ‘n persoon met ‘n laer rang die saluut mag neem.
4.4 **Godsdiensoffisier:** Persoon wat tydens ‘n seremonie die Godsdiens waarneem.
4.5 **Voortrekkers/Gehoor:** Die persone wat deelneem aan die seremonie.
4.6 **Merkers:** Persone wat ‘n spesifieke punt of plek aandui tydens ‘n seremonie.
4.7 **Vlagdraers:** Persone wat die vlae dra en hanteer tydens enige seremonie. Wanneer die vlae in ‘n seremonie hanteer word moet die vlagdraers te alle tye op aandag wees.
4.8 **Vlagstasie:** Die area waar die vlagpale of vlagstaanders geplaas word. Dit vlagstasie moet opsigtelik en sinvol op die terrein geplaas word.
4.9 **Vlagpale:** Die pale wat gebruik word tydens ‘n seremonie vir hys of stryk van vlae.
4.10 **Vlagstaanders:** Die staanders waarop die vlae wat gebruik word tydens ‘n seremonie geplant of verwyder word.
4.11 **Seremonieterrein:** Die terrein of saal waar ‘n seremonie aangebied word.

5. RIGLYNE VIR BEVELE EN BEWEGINGS

5.1 Bevele: Bevele tydens ‘n seremonie word duidelik aan die Voortrekkers of gehoor deurgegee sonder dat dit uitgeroep of uitgerek word. Wanneer 'n bevel gegee word staan die seremonieleier netjies op aandag en kyk in die rigting van die gehoor. Slegs “*Voortrekkers*” of “*gehoor”* of “*dames en here*” word as aanspreekvorms in seremonies van Voortrekkers gebruik.

5.2 Bewegings: Bewegings tydens seremonies moet behoorlik, flink en met trots deur alle lede van Die Voortrekkers uitgevoer word. Voete word nie tydens bewegings gestamp nie maar slegs op die tellings korrek geplaas.

5.3 **Telmetode:** Tydens bewegings word die “EEN, twee, drie, EEN” telmetode gebruik. Die telling is soos volg: EEN (beklemtoon), twee, drie, EEN (beklemtoon) met die reëlmaatpouse tussen die telling eweredig. Op die telling EEN word flink beweeg en op die tellings *twee, drie* word stil gestaan. Die *twee, drie* is 'n pousetelling tussen twee stappe van 'n beweging. Die seremonieleier moet altyd ‘n bepaalde persoon aanwys wat die tydmaat hardop uittel vir die groot groep. Met vlagseremonie moet die lid wat die nasionale vlag hanteer die tydmaat, hoorbaar vir die vlagdraers, uittel.

5.4 **Herstel:** Die bevel “herstel” word gebruik wanneer die seremonieleier 'n bevel verkeerd bewoord en hy dit wil regstel voordat dit verkeerd uitgevoer word. Dit word onmiddellik met die korrekte bevel opgevolg. Die bevel “h**erstel”** word ook gebruik wanneer ‘n foutiewe aksie volg na ‘n bevel. Daar word dan teruggekeer na die oorspronklike posisie en na regstellings word die volgende bevel gegee.

5.5 **Vlagstokke dra metode:** Die vlagdraer hou die vlagstok vas deur die onderpunt van die stok met die linkerhand vas te vat met die rugkant van die hand na die gesig gekeer en die arm 90° gebuig en met die regterhand die stok ongeveer kenhoogte vas te vat met die rugkant van die hand na die gesig gekeer en met die regterarm reguit sodat die vlag skuins na vore met 'n hoek van ongeveer 45° gedra word.

5.6 **Fakkels dra metode:** Fakkels word in die regterhand gehou, elmboog effe weg van liggaam en ‘n hoek van ongeveer 90 grade.

5.7 **Simbole se betekenis**

Die volgende simbole word in die sketse van hierdie hoofstuk gebruik:

Voortrekkerseun		Voortrekkerdogter	
Merker (seun)		Merker (dogter)	
Spanleier (seun)		Spanleier (dogter)	
Adjunkspanleier (seun)		Adjunkspanleier (dogter)	
Vlagparade (seun)		Vlagparade (dogter)	
Mansoffisier		Damesoffisier	
Seremonieleier		Saluutoffisier	
Godsdiensoffisier		Beuelblaser	
Vlagpaal		Bevelvoerende offisier	

Roete ---------->

Opmerking 1: Die "neusie" dui die rigting aan waarin die persoon kyk.
Opmerking 2: Wanneer in die sketse simbole gebruik word wat lede van die manlike geslag aandui, kan dit ook lede van die vroulike geslag insluit.
Opmerking 3: Die seremonieleier, godsdiensoffisier, saluutoffisier en bevelvoerende offisier kan van enige geslag wees. In die sketse word simbole gebruik wat die manlike geslag aandui.

6. ALGEMENE BEWEGINGS

Alle Voortrekkers moet al die bewegings hierna omskryf netjies en korrek kan uitvoer. Bykomende bewegings word in die seremoniehandleiding opgeneem vir Voortrekkers wat dit ook wil gebruik.

6.1 Aandag

Die bevel “**Aandag”** kan net gegee word wanneer 'n groep reeds aangetree en *“in rus*” of “*op die plek rus”* staan. Op hierdie bevel plaas die persoon die linkervoet flink langs

die regtervoet en neem hy die volgende houding in: die hakke teenmekaar en in lyn; die tone effens uitmekaar, die knieë reguit, die liggaam reguit na vore en regop met die gewig eweredig verdeel tussen die bal van die voete en die hakke; die skouers ewe hoog, af en terug sodat die bors sonder stremming in 'n normale posisie is, die arms reguit ondertoe met die arms teen die sye, die hande toe (nie gebal nie), teenaan die dye; net agter die synaat van die broek of romp; die kop op, sodat die kraag teen die agterkant van die nek gevoel kan word, die oë oop, stil en reguit vorentoe.

6.2 Op die plek rus

Die bevel "**Op die plek rus"** word net gegee wanneer almal reeds op *aandag* is. Dié bevel word soos volg uitgevoer: Hou die regtervoet stil en die been reguit; plaas die linkervoet flink na links sodat die hakke ongeveer 25 cm van mekaar is, die tone effens na buite; bring terselfdertyd die arms flink met die kortste pad tot agter die rug, hou die arms gemaklik teen die liggaam, plaas die agterkant van die regterhand in die palm van die linkerhand, kruis die regterduim oor die linkerduim. Die liggaam rus eweredig op albei voete.

6.3 Staan in rus

Die bevel "**Staan in rus"** word gegee wanneer almal reeds *op die plek rus* staan. Op hierdie bevel ontspan die hele liggaam maar die voete mag nie versit word wanneer 'n persoon in die posisie is nie. Hy kan egter 'n sakdoek gebruik of sy klere regtrek.

6.4 Regs- en Links-rig

Die bevel om die geledere te laat rig, word net gegee wanneer 'n groep in die *aandag*-posisie is. Die bevel is "**Regs rig"**. Hierdie bevel word op die tydmaat *EEN, twee, drie, EEN* uitgevoer.

Die eerste stap van die beweging bestaan daaruit dat almal, behalwe die merker, op die telling *EEN* die koppe flink na regs draai en terselfdertyd die regterarm net so flink skouerhoogte (die hoogte van *eie* skouer) uitstoot met die hand toe, soos in die *aandag*-posisie, en die buitekant na bo, sodat die arm agter die skouer van die regterkantse maat verbygaan. Na die pousetelling *twee, drie* vind die tweede gedeelte van die beweging plaas deurdat skuiftreetjies baie flink gegee word totdat die halfgebalde vuis net aan die regterkantse maat raak en totdat die ken van die tweede regterkantse maat net-net sigbaar is sonder om vooroor te leun. Wanneer elke Voortrekker seker is dat hy 'n armlengte van sy maat af is en dat hy net die ken van die tweede maat kan sien, staan hy stil. Die Voortrekker moenie vooroor leun of sy skouers draai nie.

Wanneer Voortrekkers in twee of meer geledere aantree, stoot slegs dié in die voorste gelid hulle arms uit op die bevel **Regs rig**. Die ander Voortrekkers, behalwe die merkers en die Voortrekkers direk agter hulle, draai hulle koppe na regs en sien toe dat hulle net die tweede regterkantse maat se ken sien. Die merkers en die Voortrekkers direk agter hulle bly in die *aandag*-posisie. Elke Voortrekker wat agter 'n merker staan, maak seker dat hy een tree agter die Voortrekker direk voor hom is. Indien nie, kom hy met skuiftreetjies in posisie.

In die geval waar Voortrekkers in twee groepe aantree en na die binneflank gerig word is die bevel "**Links en regs rig"**.

Om na links te rig, geskied die beweging net soos hierbo, behalwe dat die linkerarms uitgestoot en die koppe na links gedraai word.

By gebrek aan genoeg ruimte mag daar met elmboog-tussenruimtes gerig word. Die bevel is "**Met elmboog-tussenruimtes, regs (**of **links en regs) rig"**. Die hand beweeg dan flink na die heup. Die voorvingers en duim van die oop hand druk teenaan die heup, die vingers is teen mekaar en wys vorentoe, die duim is agtertoe gerig, terwyl die skouers waterpas en reguit vorentoe is en die elmboog haaks na regs (of links) is.

Indien ruimte baie beperk is, mag daar sonder tussenruimtes gerig word. Die bevel is dan "**Sonder tussenruimtes, regs (**of **links en regs) rig"**.

6.5 Oë-front

Op die bevel "**Oë front"** word die oë en die kop flink vorentoe gedraai en die uitgestrekte arms na die sye gebring sonder om teen die sye te klap of om die posisie van die skouers te versteur.

6.6 Links-om

Om 'n groep na links te laat draai, is die bevel "**links om"**. Op die bevel word 90° na links gedraai op die linkerhak en die bal van die regtervoet, dit wil sê met die regterhak en die linkertone gelig terwyl albei arms stil langs die sye en albei knieë reguit gehou word. Die gewig van die liggaam word op die linkervoet gehou. Na voltooiing van die eerste beweging is die linkervoet plat op die grond en effens na buite, die regterbeen agtertoe met die hak gelig, albei knieë reguit en die res van die liggaam in die *aandag*-posisie. Met die tweede beweging word die regtervoet flink langs linkervoet, met die linkerhak teen die regterhak, geplaas (soos in die aandag-posisie). Die bewegings word op die telling *EEN, TWEE* uitgevoer.

6.7 Regs-om

Om 'n groep na regs te laat draai, is die bevel "**regs om"** Op die bevel word 90° na regs gedraai op die regterhak en die bal van die linkervoet, dit wil sê met die linkerhak en die regtertone gelig terwyl albei arms langs die sye en albei knieë reguit gehou word. Die gewig van die liggaam word op die regtervoet gehou. Na voltooiing van die eerste beweging is die regtervoet plat op die grond en effens na buite, die linkerbeen agtertoe met die hak gelig, albei knieë reguit en die res van die liggaam in die *aandag*-posisie. Met die tweede beweging word die linkervoet flink langs regtervoet, met die linkerhak teen die regterhak, geplaas (soos in die aandag-posisie). Die bewegings word op die telling *EEN, TWEE* uitgevoer.

6.8 Omkeer

Om 'n groep 'n omkeer te laat maak is die bevel " **- keer**. Die bevel word uitgevoer presies soos in *regsom*, behalwe dat daar 180° na regs gedraai word. Die arms beweeg nie en die draai is altyd na die regterkant toe. Die ewewig word behou deur die dye te sluit. Let daarop dat die telling *EEN, TWEE* in hierdie geval beslis nie gejaag moet word nie.

6.9 Voorwaarts mars

6.9.1 'n Voortrekker begin slegs vanuit die *aandag*-posisie te marsjeer. Wanneer die bevel "**voorwaarts mars"** gegee word, marsjeer 'n Voortrekker op die bevel altyd met sy linkervoet af en begin sy arms swaai. Wanneer die bevel *voorwaarts mars* gegee word om 'n afdeling in pas met 'n orkes of ander afdeling te laat marsjeer, word dit op agtereenvolgende treë van die afdeling wat beweeg gegee, naamlik "**voorwaarts"** op die linker- en "**mars"** op die regtervoet.

6.9.2 Die lengte van die tree is van hak tot hak.

6.9.3 Die hak raak eerste grond, terwyl die knie reguit is.

6.9.4 Elke been swaai op 'n natuurlike wyse in 'n reguit lyn vorentoe.

6.9.5 Die arms word teen die lyf vry en reguit van agter na voor geswaai en bereik elke keer die verste punt van swaai as die hak die grond raak. Die arms word reguit gehou en vanuit die skouers na vore geswaai, lyfbandhoogte en na agter vry deur, hande soos vir die *aandag*-posisie, skouers stil en reguit vorentoe.

6.9.6 Wanneer gemarsjeer word is die kop regop, die ken ingetrek en die oë eie hoogte na vore op 'n voorwerp in die verte gerig. Elkeen in 'n afdeling is verantwoordelik vir sy eie rigting, dekking, tussenruimte-afstand en korrekte pas.

6.9.7 Wanneer daar gemarsjeer word, word die pas soveel as wat nodig is uitgeroep deur 'n Voortrekker deur die seremonieleier daartoe aangewys.

6.9.8 Die pas word soos volg uitgeroep: *links, regs, links, regs, links, regs*, of afwisselend *links, links, links, regs, links*. *Die Voortrekkers* gebruik nie allerlei vervoegings van die woorde links en regsom die pas uit te roep nie.

6.9.9 Die normale marstempo is ongeveer 100 passe per minuut.

6.10 Markeer die pas

6.10.1 In die mars word die bevel **"makeer die pas"** gegee wanneer die regtervoet grondvat. Die Voortrekkers gee dan nog twee passe (stuitpasse) en begin daarna met die linkervoet die pas markeer. Wanneer die tweede stuitpas gegee word, word die arms langs die sye gebring en stil gehou. As die voet in sy hoogste posisie is, is dit ongeveer 15 cm vanaf die grond terwyl die kuite vertikaal is en die tone na die grond wys.

6.10.2 Op die bevel "**makeer die pas**" word die voete om die beurt opgelig, terwyl die arms langs die sye stil gehou word.

6.10.3 Behalwe om te rig, mag daar nie vorentoe of agtertoe beweeg word terwyl die pas markeer word nie en die pas mag nie versnel word nie.

6.10.4 Om Voortrekkers weer vorentoe te laat beweeg wanneer die pas markeer word, word die bevel "**Voorwaarts"** gegee wanneer die regtervoet grondvat. Die linkervoet word neergesit en wanneer die regtervoet weer grondvat, word flink met die linkervoet afgestap (twee stuitpasse). Wanneer die eerste tree met die linkervoet geneem is, word die arms onmiddellik weer geswaai, linkerarm terug en regterarm vorentoe.

6.11 Halt

6.11.1 Die bevel "**halt"** word in die mars gegee wanneer die linkervoet grondvat. Nog een tree word daarna met die regtervoet gegee, dan 'n tree (stuitpas) met die linkervoet, waarna die regtervoet flink langs die linkervoet geplaas en tot halt gebring word. Die beweging word op die telling *stuit, EEN, twee* uitgevoer. Die arms moet swaai tot op die laaste tree wanneer die regterarm flink saam met die grondvat van die regtervoet langs die sy afgebring word en die linkerarm (na vore) ook langs die sy gebring word, sonder om teen die sye te klap.

6.11.2 Wanneer die pas markeer word, word dieselfde bevel vir die *halt* as in die mars gegee, met die verskil dat hierdie bevel gegee word wanneer die regtervoet grondvat. Die beweging van die linkervoet word voltooi en die regtervoet word dan flink langs die linkervoet geplaas en tot halt gebring. Die telling is: *stuit, EEN*.

6.12 Uittree

6.12.1 Die bevel **"Uittree"** word gegee wanneer 'n groep moet uittree.

6.12.2 Nadat die bevelvoerende offisier toestemming gegee het dat 'n groep mag uittree, beveel die seremonieleier "**Voortrekkers , aandag"**. Nadat die bevel uitgevoer is gee hy die bevel "**Uittree"**. Op dié bevel maak die groep 'n regsom, stap twee tot drie tree en breek dan die gelid op. Die telling vir hierdie beweging is *EEN, twee*, drie EEN, twee, drie EEN, TWEE, DRIE.

6.12.3 'n Individuele Voortrekker kan op die volgende wyse ook uit 'n groep wat aangetree is tree indien daartoe versoek: Hy kom op *aandag* indien hy nie reeds in daardie posisie is nie, neem 'n kort treetjie agteruit, maak 'n *regs*- of 'n *linksom* en marsjeer agter sy gelid tot aan die end daarvan in die rigting weg van die merker af, swenk regs of links en marsjeer tot een tree verby die voorste gelid, swenk regs of links, marsjeer met die nodige wendings, *halt* ongeveer twee treë voor die seremonieleier. Die nodige instruksies word ontvang en die Voortrekker maak 'n *omkeer* en marsjeer weg om die opdrag uit te voer of om weer by die groep aan te sluit. Indien hy weer by die geledere moet aansluit, marsjeer hy met dieselfde pad terug as wat hy uitgetree het, *halt* net agter sy ou plek, maak 'n *linksom* of 'n *regsom*, gee 'n kort treetjie vorentoe en kom in dieselfde posisie as waarin hy voor uittrede was.

6.13 Saluut

Die saluut word soos volg vanuit die *aandag*-posisie uitgevoer: Bring die regterhand flink na die linkerbors deur die kortste pad te volg met die vingers gestrek en die duim langs die wysvinger. Die hand kom tot stilstand met die gestrekte hand plat op die linkerbors en die middelvinger wat raak aan die middel van die sleutelbeen sodat die voorarm 'n hoek van vyf-en-veertig grade met die grond vorm. Die vingers, hand, gewrig en voorarm vorm 'n reguit lyn. Hierdie posisie word vir die tellings *twee, drie* behou.

Bring die hand netjies en flink regaf langs die kortste pad na die *aandag*-posisie langs die sy sonder om die hand teen die klere te klap. Die telling wat algemeen gebruik word is - TWEE DRIE OP, TWEE DRIE AF.

7. AANTREE

Alle Voortrekkers moet ten minste die aantreemetodes wat hier omskryf word kan uitvoer. Ander aantreemetodes mag ook gebruik word na gelang van omstandighede.

7.1 Aantree van 'n span of klein groep

7.1.1 Die groep/span stel hulleself in een gelid op indien hulle minder as ses lede is; in twee geledere indien hulle ses of meer maar minder as nege lede is en in drie geledere indien hulle nege of meer lede is. Wanneer die spanlede hulleself so opgestel het, kom hulle in die *staan in rus*-posisie.

7.1.2 Nadat die groep/span opgestel is, marsjeer die offisier na 'n sentrale posisie vyf treë voor die voorste gelid van die span en maak die nodige wendings sodat hy na die span kyk. Indien nodig word die groep/span tot orde geroep met ‘n versoek of ‘n fluitjie.

7.1.3 Die groep/span word “***op die plek rus”*** gebring en dan volg die bevel **“aandag**”. Hierna volg die bevel **“regs rig**” en dan “**oë front”.** Hierna kan die groep/span weer *op die plek rus* en *staan in rus* gebring word.

7.1.4 Die teenwoordigheidsregister van ‘n span kan nou formeel afgemerk word. Die aktiwiteit is opsioneel vir spanoffisiere. Die offisier beveel “**Appèl”.** Op dié bevel tree die spanleier, of in sy afwesigheid die adjunkspanleier, uit gelid, marsjeer na die offisier en *halt* een tree voor hom. Die spanleier/adjunkspanleier ontvang die spanregister van die offisier, maak 'n *omkeer* en lees daarna die name van elke spanlid hardop uit. Spanlede wat teenwoordig is, reageer op die uitlees van hulle name deur op *aandag* te kom en die rang van die af leser uit te roep. Die spanlid bly op *aandag* totdat die volgende naam uitgelees word en kom dan in die *op die plek rus*-posisie. Die laaste spanlid kom na 'n pouse van *twee, drie* in die *op die plek rus*-posisie.

7.1.5 Wanneer die spanregister klaar afgemerk is, maak die spanleier/adjunkspanleier 'n *omkeer* en rapporteer aan die offisier “**Appèl is afgehandel”** en oorhandig die span-register weer aan die offisier. Die spanleier/adjunkspanleier maak daarna 'n *omkeer* en neem sy plek in soos in artikel 9.2.2 van hierdie hoofstuk bepaal.

7.1.6 Die offisier tree die span hierna uit. Nadat die span uitgetree het, tree die offisier self uit.

7.1.7 Die offisier kan 'n lid van die span aanwys vir die *aantree* en *appèl* van die span. In sodanige geval marsjeer die spanlid nadat die span opgestel is na die offisier en *halt* ongeveer een tree voor hom. Hy vra die offisier “t**oestemming om met die aantree voort te gaan.”** Nadat toestemming verleen is, maak die spanlid 'n *omkeer* en marsjeer met die nodige wendings tot voor die span. Hy oorhandig die bevel aan die offisier na afhandeling van die *appèl* deur na die offisier te marsjeer, ongeveer een tree voor hom te *halt* en te rapporteer **Span aangetree en appèl afgehandel**. Hy maak dan 'n *omkeer* en neem sy plek in.

7.1.8 ‘n Span kan ook so aantree voor ‘n kamer of tent vir kamer- of tent inspeksie.

7.1.9 Wanneer die betrokke offisier die span nader sal die spanleier die bevel **“aandag”** gee, waarna die hele span op aandag sal kom. Die spanleier sal dan rapporteer **“Kamer of tent is gereed vir inspeksie”**. Die spanleier beveel die span “op die plek rus” en volg dan die offisier vir die inspeksie.

7.1.10 Nadat inspeksie afgehandel is sal spanleier weer span op aandag bring en laat uittree.

7.2 Aantree van 'n veldkornetskap of groter groep

7.2.1 Die groep/veldkornetskap word deur die offisiere in spanne opgestel met die spanleiers of die lede wat as leiers optree, aan die regterkant van die span. Almal *staan in rus*

7.2.2 Die offisiere van die veldkornetskap, met uitsondering van die seremonieleier en die veldkornet, indien hy nie as seremonieleier optree nie, stel hulleself in een of meer geledere na gelang van omstandighede op as agterste gelid. Almal *staan in rus.* Hierdie offisiere reageer op al die bevele van die seremonieleier.

7.2.3 Die seremonieleier en die veldkornet, indien hy nie as seremonieleier optree nie, enige ander offisier van hoër rang as die veldkornet, asook besoekers stel hulleself aan

die kant van die groep op. Die bevelvoerende offisier tree so aan dat hy direk agter die seremonieleier staan wanneer daar opgemarsjeer is. *Almal staan in rus.*

7.2.4 Nadat die groep/veldkornetskap opgestel is, marsjeer die seremonieleier tot voor die groep sodat hy in 'n sentrale posisie voor die groep sal wees. Die seremonieleier *halt* op die aangewese plek, maak 'n *regsom*, bring die groep tot orde, indien nodig en beveel "**Voortrekkers aandag"**. Op dié bevel kom almal op *aandag*.

7.2.5 Die seremonieleier beveel hierna **Regs rig** en nadat die parade behoorlik gerig het **Oë front**. Op hierdie bevel reageer die offisiere gemeld in artikel 7.2.3 van hierdie hoofstuk soos volg: op die telling *EEN* kom hulle op *aandag* en stap na 'n telling van *twee, drie*, *EEN* met die linkervoet af tot agter die parade-offisier soos aangedui in *figuur 18*, markeer die pas op die aangewese plek en rig oor gelyke afstande en presiese plek *halt* dan op die aangeduide posisies en maak 'n *regsom*. Die telling na die bevel *halt* is soos volg: *Stuit, EEN, twee, drie, EEN, twee, drie, EEN.* Besoekers wat 'n funksie tydens die parade moet vervul, neem terselfdertyd hulle plekke in soos tevore deur die bevelvoerende offisier aangewys. Indien nodig voer die offisier wat agter marsjeer bevel. In geval van meer as een gelid spreek die offisiere af wie bevel voer. Daarna beveel die seremonieleier **Op die plek rus** en die hele groep of veldkornetskap kom *op die plek rus*.

7.3 Aantree van 'n Voortrekkerkommando of groot groep

'n Voortrekkerkommando tree op dieselfde wyse as 'n veldkornetskap aan soos in artikel 7.2 van hierdie hoofstuk uiteengesit, onderworpe aan die onderstaande bepalings.

7.3.1 Die lede van die vroulike geslag tree regs van die lede van die manlike geslag aan met 'n afstand van ongeveer vyf treë tussen hulle, met die vroulike spanleiers aan die linkerkant van hulle spanne en die manlike spanleiers aan die regterkant van hulle spanne. Die offisiere tree altyd een tree agter die jeuglede aan ongeag die aantal geledere.

7.3.2 As alternatief, wanneer met groot getalle Voortrekkers gewerk word, kan die aanwesige lede van die manlike en vroulike geslag in twee gelyke (gemengde) groepe ongeveer vyf treë van mekaar aantree met die spanleiers aan die binnekant van die geledere.

7.3.3 Veldkornetskappe van dieselfde geslag tree agtermekaar aan tensy gemengde groepe aangetree het soos in die alternatief van artikel 7.3.2 van hierdie hoofstuk uiteengesit.

7.3.4 Die kommandoleier tree as seremonieleier op behalwe waar hy vantevore 'n ander persoon as seremonieleier aangewys het.

7.3.5 Die seremonieleier, die kommandoleier (indien hy nie as seremonieleier optree nie), die saluutoffisier en die godsdiens-offisier, die ander lede van die kommandodagbestuur (waar toepaslik), en enige ander offisiere van hoër rang as die kommandoleier, stel hulleself op ooreenkomstig die voorskrifte vervat in artikel 7.2.3 van hierdie hoofstuk.

7.3.6 Wanneer die kommando of groep gerig word, word die bevel "**Links en regs rig"** gegee, sodat daar altyd op die spanleiers in die middel gerig word

7.3.7 As 'n alternatief vir groot groepe kan 'n offisier ook aan die buitekant (dit wil sê onderskeidelik aan die linker- of regterkant) van sy span aantree.

7.4 Aantree van ander groepe

7.4.1 Aantree van groepe groter as dié van kommando's tydens 'n kamp, groepe wat net uit offisiere bestaan en groepe wat uit Voortrekkers en besoekers bestaan, tree aan soos die seremonieleier in oorleg met die bevelvoerende offisier besluit en met inagneming van al die gewone bepalings in hierdie hoofstuk.

7.4.2 Die bevelvoerende offisier bepaal watter offisiere en besoekers voor moet aantree.

7.4.2 Wanneer die groep net uit offisiere bestaan, verdeel die seremonieleier die offisiere vir doeleindes van die seremonie in groepe na gelang van aard van seremonie.

8. VLAGSEREMONIES

8.1 Vlagkode vir Voortrekkers

8.1.1 Wanneer vlae in seremonies gebruik word binne Die Voortrekkers moet dit ooreenkomstig nasionale vlagprotokol gebruik word. Hierdie reglement spreek sover moontlik die protokol aan wat vir Die Voortrekkers noodsaaklik is

8.1.2 Voorrang van die nasionale vlag of vlae(Afrique de Sud en Namibië)

a) Wanneer die nasionale vlag of vlae en ander vlae saam vertoon word, mag die nasionale vlag/vlae nie kleiner wees as 'n ander vlag nie. Sy paal/pale mag nie korter of dunner wees as die paal van 'n ander vlag nie.

b) Wanneer die nasionale vlag/vlae en 'n ander vlag (byvoorbeeld die Voortrekkervlag) saam gehys word, moet die nasionale vlag/vlae tydens hysing altyd ongeveer 'n halwe meter hoër wees as die Voortrekkervlag. Ook met die stryking moet die nasionale vlag ongeveer 'n halwe meter (vlagbreedte) hoër as die Voortrekkervlag bly.

c) Enige ander vlag wat saam met die nasionale vlag/vlae gehys word, word eers ontplooi nadat die nasionale vlag/vlae volledig ontplooi is.

d) Die nasionale vlag/vlae hang links van die Voortrekkervlag wanneer 'n mens na die vlae kyk (vanuit die gehoor). Wanneer meer as een nasionale vlag gebruik word is dit internasionale gebruik om dit van links na regs in alfabetiese volgorde by die vlagstasie te plaas. Wanneer vlae voor 'n gebou wapper, moet die nasionale vlag/vlae links hang wanneer 'n mens na die gebou kyk of in die middel hang of aan die hoogste paal hang indien die lengtes verskil.

e) Indien daar net een paadjie is en die paadjie te smal is vir die vlagdraers om langs mekaar te beweeg, beweeg die nasionale vlag/vlae draer/s voor die Voortrekkervlag en ander vlagdraers.

f) Wanneer vlae binnenshuis teen 'n muur gehang word moet die toeskouer die nasionale vlag/vlae aan die linkerkant en die Voortrekkervlag aan die regterkant sien. Die vlae mag nie teenmekaar hang nie en elkeen moet normaal vertoon word asof elkeen sy eie vlagpaal aan die linkerkant van die vlag het; met ander woorde die rooi bane van die vlae moet vir die toeskouer aan die bokante van die vlae wees.

g) Indien die vlae vertikaal teen 'n muur vertoon word, moet die broeking (die kante waar die tou is) aan die bokant van die vlae wees met die nasionale vlag links van die Voortrekkervlag. Die rooi baan van die nasionale vlag moet aan die linkerkant van die vlag wees vir die toeskouers. Net so hang die Voortrekkervlag regs van die toeskouer met die rooi baan aan die linkerkant van die vlag.

h) As alternatief kan meer as een vlag aan een vlagpaal vertoon word met die nasionale vlag/vlae bokant die Voortrekkervlag.

i) Indien die vlae aan gekruiste stokke vertoon word, moet die nasionale vlag/vlae se stok voor die ander vlagstok wees.

j) Wanneer die nasionale vlag/vlae saam met die Voortrekkervlag in 'n optog gedra word moet die nasionale vlag voor aan die regterkant van die optog wees; dit wil sê aan die linkerkant van die toeskouer. Wanneer 'n groot aantal vlae in 'n optog gedra word, moet die nasionale vlag/vlae in die middel van die vlae gedra word.

k) Die nasionale vlag mag aan 'n motor vertoon word mits dit aan 'n stok wapper wat in die middel voor of regs van die bestuurder geplaas is.

8.1.3 Voortrekkers kan ook by geleentheid ander vlae addisioneel gebruik, byvoorbeeld Gebiedsvlae, Kommandovlae, Gebiedskampvlae, Historiese vlae uit die staatkundige geskiedenis van Suid-Afrika. In alle gevalle moet die voorskrifte i.v.m. die voorrang van die nasionale vlag/vlae eerbiedig word. Die Voortrekkers bepaal die verdere rangorde van vlae wat gebruik word as volg:

a) Nasionalevlag
b) Voortrekkervlag
c) Gebiedsvlag
d) Kommando- of Kampvlag
e) Kultuurvlag/-e

8.1.4 Wanneer vlae saam gebruik word sal die volgende geld.

a) Die Voortrekkervlag sal nie sonder die Nasionalevlag/vlae gebruik word nie.
b) ‘n Gebiedsvlag mag nie sonder die Nasionalevlag en Voortrekkervlag gebruik word nie.
c) ‘n Kommando- of Kampvlag mag nie sonder die Nasionalevlag en Voortrekkervlag gebruik word nie. Die Gebiedsvlag is opsioneel indien ‘n Kommando- of Kampvlag gebruik word.
d) Kultuurvlae mag nie sonder die Nasionalevlag en Voortrekkervlag gebruik word nie. Gebiedsvlae en Kommando- of Kampvlag is opsioneel in die geval.
e) ‘n Spanvlag of Spanvaandel kan tydens privaat spanbyeenkomste gebruik word sonder die Nasionalevlag en Voortrekkervlag. Indien ‘n Nasionalevlag en Voortrekkervlag beskikbaar is vir die spanbyeenkoms kan dit ook volgens protokol gebruik word. Lede van die byeenkoms moet egter vertroud wees met die protokol van vlae en die gebruik daarvan.

8.1.5 Vlaggroottes

Die volgende vlaggroottes word voorgeskryf:

a) Vir seremoniële gebruik: 270 cm x 180 cm
b) Vir gewone gebruik in *Die Voortrekkers* binnenshuis en buitenshuis: 180 cm x 120 cm.
c) Vir gebruik in stormagtige weer; 90 cm x 60 cm

8.1.6 Halfmas voer van vlae

a) Wanneer die president 'n proklamasie uitvaardig dat die nasionale vlag halfmas vertoon word (gewoonlik na die afsterwe van 'n hoogwaardigheidsbekleër), moet alle ander vlae wat tydens die duur van die routydperk vertoon word ook halfmas gevoer word. Indien 'n Voortrekkerparade gedurende die tyd gehou word, moet die proklamasie gehandhaaf word.
b) Enige ander vlag kan op inisiatief van die betrokke bestuur in Die Voortrekkers halfmas vertoon word nl Voortrekkervlag – Hoofleier, Gebiedsvlag – Gebiedsleier, Gebiedskampvlag – kampleier, Kommandovlag – kommandoleier. In die geval is dit nie nodig dat die nasionale vlag halfmas vertoon word nie.
c) Wanneer vlae halfmas hang as teken van rou, word die vlae eers tot bo gehys en ontplooi en daarna stadig tot die halfmasposisie laat sak. By die stryking word die vlae eers tot by die bopunt gehys en daarna gestryk.

8.1.7 Ander vlagbepalings

a) Die nasionale vlag asook alle ander vlae moet te alle tye gerespekteer en met eerbied behandel word.
b) Tydens ‘n vlagseremonie moet daar ten minste ‘n tyd wees waar saluut formeel geneem word.
c) Vlae mag nie aan die vloer of die grond raak nie.
d) Vlae kan oop of toegerol gehys word.
e) Vlae wat oop gehys word kan teen enige toepaslike hoek gehys word.
f) Wanneer vlae gestryk word kan dit toegerol word tydens of na die seremonie.
g) Vlae kan op stokke van 2 meter en langer gedra word.
h) Vlae kan oor die linkerskouer gedra word.
i) Vlae kan tussen twee vlagstokke gespan word.
j) ‘n Vlag kan deur vier persone aan punte gedra word.
k) Vlae word altyd na gebruik gedroog en netjies opgerol gebêre.
l) Wanneer vlae saans vertoon word, moet dit verlig word.
m) Die nasionale of Voortrekkervlag mag as 'n bedekking vir 'n kis by 'n begrafnis gebruik word, maar moet afgehaal word net voordat die kis in die graf neergelaat word.
n) Vlae mag nooit as versierings of kleedjies gebruik word nie.
o) Die nasionale of Voortrekkervlag mag nie by enige wedren of soortgelyke geleentheid gebruik word om dit te begin of te beëindig nie.

8.1.8 Aard van vlagseremonies

a) Alle Voortrekkers moet ten minste die vier basiese vlagseremonies wat in hierdie reglement omskryf word behoorlik kan uitvoer.
b) Vlagseremonies kan beslis aangepas word na gelang van omstandighede en ingekleur word met musiek, fakkels, verskeidenheid van vlae en bewegings.
c) Vlagseremonies sou ook sonder enige bevele aangebied kan word mits die bewegings vooraf ingeoefen is.
d) Wanneer vlagseremonies aangebied word moet die basiese vlagkode en protokol so nougeset as moontlik nagekom word.

8.2 Liedere en Musiek en Saluut tydens seremonies

8.2.1 Met vlagseremonies kan gepaste musiek en liedere gespeel word tydens die dra van vlae.

8.2.2 Met eerbetoon aan die vlae mag slegs die volgende liedere gespeel, voorgedra of gesing word:

a) Nasionale lied van Suid-Afrika en/of Namibië
b) Vlaglied
c) Die stem van Suid-Afrika

8.2.3 Daar moet ten minste een keer tydens ‘n vlagseremonie formeel saluut geneem word. Die volwasse lid met die hoogste rang wat teenwoordig is neem die saluut. 'n Jeuglid, volwasse lid met 'n laer rang of 'n besoeker kan ook die saluut neem, maar met die toestemming van die volwasse lid met die hoogste rang.

8.2.4 Die saluutoffisier bly op saluut solank die betrokke lied gesing of gespeel word. Die ander lede van *Die Voortrekkers* bly op aandag. Indien daar gesing word, sing hulle saam.

8.2.5 Die bevelvoerende offisier kan ook met die volwasse lid met die hoogste rang ooreenkom dat almal saam saluut neem en saam die nasionale lied sing of aanhoor.

8.3 Voorafreëlings vir seremonies

8.3.1 Op enige gerieflike deel van die terrein word twee of meer vlagpale aangebring en/of vlagstaanders geplaas waaraan vlae kan hang volgens die protokol in die vlagkode hierbo omskryf.

8.3.2 Vlagpale moet stewig en ten minste drie meter hoog wees met 'n katrol of ring aan die bopunt daarvan. 'n Hystou word aan elke vlagpaal aangebring. Hierdie tou moet so lank wees dat die twee punte ongeveer 50 cm van die grond af is wanneer hulle los hang. Die punte van die tou word beset en aan een punt daarvan word 'n lus aangebring. Wanneer daar geen vlag aan die tou is nie, word die punte van die tou met 'n voorslagknoop aanmekaar geknoop en dan met 'n kniehalterslag stewig om die vlagpaal vasgemaak, sodat die kniehalterslag ongeveer 1,25 meter van die grond af is en die voorslagknoop ongeveer 0.5 meter bo die kniehalterslag teen die paal. Die orige tou word opgevou en tussen die paal en die tou ingedruk en die kniehalterslag stewig afgedruk.

8.3.3 Die vlagstaander (met houers waarin die vlagstokke gesteek kan word) word normaalweg agter en in die middel op die verhoog of vlagstasie ruimte geplaas maar aanpassings kan gemaak word om by die opset in die saal of ruimte aan te pas. Die vlae word aan stokke van ongeveer 3 meter vasgemaak en om die stokke opgerol. Die vlae word eers met die aanvang van die seremonie oopgerol. Indien die funksie meebring dat daar gaste op die verhoog moet wees, neem hulle plaas nadat die seremonie afgehandel is.

8.3.4 Die seremonieleier moet die terrein waar die vlagseremonie plaasvind behoorlik verken en die nodige merke plaas waar funksionarisse stelling moet inneem of bewegings moet uitvoer. Die plasing van die gehoor en stoele ten einde genoegsame ruimte vir vlagdraers te bied moet behoorlik in ag geneem word.

8.3.5 Die seremonieleier moet seker dat die volgende vooraf gereël en in plek is voor die aanvang van vlagseremonie:

a) Saluutoffisier
b) Godsdiensoffisier

c) Vlagdraers: Een of twee lede vir elke vlag. Verkieslik vroulike en manlike lede. Die persoon wat die nasionale vlag dra (wanneer meer as een nasionale vlag volgens alfabet protokol) voer bevel oor die vlagdraers en hou telling waar nodig.
d) Merkers – indien gebruik gaan word.
e) Wys persoon aan wat telling vir die groot groep gaan hou asook iemand wat vir die offisiere wat voor aantree gaan telling hou.
f) Seremonie behoorlik ingeoefen wees.
g) Vlagpale, toue en vlae moet reg wees.
h) Beuelblasers, begeleiding, klanktoerusting nagegaan.
i) Bepaal vooraf watter lied tydens die eerbetoon gebruik gaan word. Wys vooraf 'n persoon aan wat die betrokke lied gaan insit of begelei of musiek speel en maak dit behoorlik met die aanvang van die seremonie aan almal bekend.

8.3.5 'n Toegerolde vlag gedra op albei handpalms met die elmboë gebuig om 'n hoek van 90° te vorm terwyl die bo-arms teen die lyf gehou word en die balkies aan hulle regterkante is.
8.3.6 'n Oop vlag word oor die linkerskouer gedra met die balkie aan die voorkant.
8.3.7 'n Vlag op stok word teen 'n hoek van 45' gedra.

8.4 Vlaghysing

8.4.1 Die seremonieleier laat Die Voortrekkers en gehoor aantree soos vooraf beplan en almal *staan in rus*.
8.4.2 Die vlagdraers plaas hulleself by die vlagpale of 'n ander posisie weg van die vlagpale soos vooraf beplan en bly deurentyd in die *aandag* posisie.
8.4.3 Die beuelblasers en orkes tree agter aan en *staan in rus*.
8.4.4 Die offisiere waarna in artikel 7.2.3 van hierdie hoofstuk verwys word, sowel as die saluutoffisier en die godsdiensoffisier (indien toepaslik), stel hulleself aan die kant op en *staan in rus*.
8.4.5 Die seremonieleier verkry eers toestemming van die bevelvoerende offisier om met die seremonie voort te gaan. Hy tree nou tussen of by die vlagpale aan op 'n denkbeeldige lyn wat die vlagpale verbind met sy gesig na die groep soos aangetree gekeer en bly deurentyd in die *aandag* posisie.
8.4.6 Bevel **"Voortrekkers aandag".** Aksie volg
8.4.7 Bevel **"Regs rig" of "Links en Regs rig".** Aksie volg.
8.4.8 Bevel "**Oë front".** Aksie volg en Offisiere aan die kant beweeg nou op, markeer die pas, halt en maak 'n linksom.
8.4.9 Bevel "**Op die plek rus".** Almal reageer met uitsondering van die vlagdraers.
8.4.10 Bevel indien die vlagdraers nie reeds by vlagpale aangetree is nie: "**Vlagdraers, na die vlagpale, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers marsjeer vorentoe en *halt* gelyktydig voor die betrokke vlagpale. Die persoon wat die vlag gaan hys staan direk voor die vlagpaal.
8.4.11 Bevel: "**Maak gereed om die vlae te hys".** Die vlagdraers tree vorentoe, en die lid wat vlag gaan hys maak die hystoue los, hou albei punte van die toue vas en maak die vlag aan die hystou vas. Die ander lid hou die vlag vas solank die vasmakery duur. Die balkie van die vlag kom deur die lus van die hystou en daarna word die ander punt van die hystou met 'n voorslagknoop aan die lus van die vlagtou vasgemaak. As die vlag aan die toue vasgemaak is, word die vlag gelos en die hystou styfgetrek sodat die opgerolde vlag ooghoogte is met die balkie aan die bokant. Die vlag word met die linkerhand en die hystou met die regterhand in posisie gehou. Indien die vlag oop gehys word, word die vlag soos hierbo vasgemaak maar bly oor die skouers gedrapeer.
8.4.12 Bevel: **"Voortrekkers aandag"**.
8.4.13 Bevel: "**Hys die vlae"**. Die vlae word gehys deur die opgaande tou deur die vingers te laat gly terwyl beide hande die hyswerk doen. Die vlae word tot teen die katrolle of ringe gehys. Tydens die hysing is die nasionale vlag/vlae altyd ongeveer 'n vlagbreedte hoër as die Voortrekkervlag en ander vlae. Die vlagdraers kyk op na die vlae terwyl die vlae gehys en ontplooi word. Indien die vlae oop gehys word sal die betrokke lied nou gespeel/gesing word terwyl saluut geneem word soos hieronder omskryf word.

8.4.14 Sodra alle vlae teen die katrolle of ringe raak kom bevel: "**Ontplooi die vlae"**. Die nasionale vlag/vlae word dan ontplooi deur die betrokke vlagtou te trek. Nadat die nasionale vlag/vlae ontplooi is, word die Voortrekker en ander vlae ontplooi. Wanneer die nasionale vlag/vlae ten volle ontplooi is, tree die seremonieleier een tree terug en die saluutoffisier tree een tree vorentoe en salueer. Die persoon wat vooraf aangewys is, sit die betrokke lied nou eers in. Indien 'n lied gespeel of gesing word, salueer die saluut-offisier tot aan die einde daarvan.

8.4.15 Nadat alle vlae ontplooi is, word die toue vasgehou sonder om aan die vlagpale vas te hou tot aan die einde van die lied, waarna die toue met 'n kniehalterslag aan die vlagpale vasgemaak word.

8.4.16 Indien die nasionale vlag/vlae nie reg ontplooi nie, gee die seremonieleier die bevel "**Herstel"**. Alle vlae word weer na benede gebring en indien nodig word die landsvlag afgehaal, die fout word herstel en die vlae word gereed gemaak vir hysing. Die seremonieleier beveel dan weer **Hys die vlae"** en "**Ontplooi die vlae."** Indien die Voortrekkervlag of ander vlae nie reg ontplooi is nie, staan die lid wat dit gehys het doodstil totdat die betrokke lied klaar gesing of gespeel is. Die vlag word dan na benede gebring, die fout word herstel en die vlag word gehys en ontplooi sonder bevele.

8.4.17 Nadat die saluutoffisier die saluut voltooi het en na 'n pousetelling van *twee, drie* tree hy een tree terug en die seremonieleier een tree vorentoe, sodat elkeen weer op sy oor-spronklike plek staan.

8.4.18 Die lid met die nasionale vlag/vlae wag totdat die Voortrekkervlag en ander vlae ontplooi is en seremonieleier vorentoe getree het waarna die vlagtoue gelyktydig om die vlagpale vasgemaak word.

8.4.19 Nadat 'n lid sy tou klaar vasgemaak het, kom hy dadelik weer in die *aandag*-posisie. Op 'n teken (hardop telling *twee, drie*) nasionale vlagdraer tree die vlagdraers gelyk een tree terug op die telling van *een, twee*. Op *een* tree hulle met die linkervoete terug en op *twee* word die regtervoete teruggebring. Na 'n telling van *twee, drie,op en twee, drie, af*, salueer al die vlagdraers gelyktydig.

8.4.20 Bevel indien so beplan: "**Vlagdraers, omkeer"**. "**Sluit aan by die Voortrekkers, voorwaarts mars"**. Wanneer die vlagdraers by die voorste geledere verby marsjeer, kom bevel **"Voortrekkers op die plek rus"**.

8.4.21 Die vlagdraers marsjeer in een gelid totdat hulle ongeveer vyf treë by die agterste ry offisiere verby is, *halt*, maak 'n *omkeer* en kom in die *op die plek rus*-posisie of marsjeer tot by posisie voor aanvang van die seremonie.

8.4.22 Die seremonieleier tree nou een tree terug. Die godsdiensoffisier tree een tree vorentoe om die godsdiens waar te neem. Wanneer daar tot gebed oorgegaan word met die aankondiging "**kom laat ons bid".** Almal kom dan met die voete in die *aandag*-posisie, sonder bevel en sonder dat die voete gestamp word. Die arms van die seuns en die mans word langs die sye gestrek soos in die *aandag*-posisie. Die dogters en die dames vat hulle hande voor hulle saam. Almal buig hulle hoofde. Na die gebed kom almal *op die plek rus* sonder bevel en sonder om die voete te stamp. Nadat die godsdiens afge-handel is, tree die godsdiensoffisier een tree terug en kom in die *op die plek rus*-posisie terwyl die seremonieleier een tree vorentoe ge

8.4.23 Hierna draai die seremonieleier na die bevelvoerende offisier en verneem of daar enige afkondigings gedoen moet word en vra "**Toestemming om die Voortrekkers uit te tree"**. Neem dan sy vorige posisie in, doen die nodige afkondigings en ander handelinge soos deur die bevelvoerende offisier gereël.

8.4.24 Bevel: **"Voortrekkers aandag"** almal kom op aandag

8.4.25 Bevel **"Uittree"** Offisiere agter pale bly eers staan.

8.4.26 Seremonieleier maak omkeer en beveel: "**Offisiere, Uittree"**

8.5 Vlagstryking

8.5.1 Die aantreeprosedure is dieselfde as vir die vlaghysing soos in artikels 8.4.1 tot 8.4.9 omskryf, behalwe dat die vlagdraers sonder vlae en *in rus staan* en normaalweg geen godsdiensoffisier aantree nie. Indien godsdiens wel tydens 'n vlagstryking gehou word, word dit gedoen nadat almal aangetree is en voordat die vlae gestryk word.

8.5.2 Bevel: "**Vlagdraers, aandag"**. Aksie volg

8.5.3 Bevel indien vlagdraers nie reeds by vlagpale aangetree is nie: "**Vlagdraers, na die vlagpale, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers marsjeer vorentoe en *halt* voor die vlagpale. Na 'n telling van *twee, drie* salueer al die vlagdraers (telling: *op, twee, drie, af)*.

8.5.4 Bevel: "**Maak gereed om die vlae te stryk**." Die vlagdraers tree flink 'n kort tree vorentoe en die lid wat die vlag gaan stryk maak die hystoue los en hou die toue vas sonder om aan die vlagpale vas te hou.

8.5.5 Bevel: **"Voortrekkers aandag**" Aksie volg.

8.5.6 Bevel: "**Stryk die vlae**." Die seremonieleier tree een tree terug en die saluutoffisier tree een tree vorentoe en salueer vorentoe totdat alle vlae in die hande van die vlagdraers is, of vir die volle duur van die sing of speel van die toepaslike lied. Die persoon wat vooraf aangewys is, sit die betrokke lied in wanneer die bevel *stryk die vlae* gegee word.

8.5.7 Nadat die saluutoffisier die saluut voltooi het en na 'n pousetelling van *twee, drie* tree hy een tree terug en die seremonieleier een tree vorentoe, sodat elkeen weer op sy oorspronklike plek staan.

8.5.8 Die vlae word so gestryk dat die balkie van die landsvlag in die vlagdraer se hand val op die laaste noot van die betrokke lied indien dit gesing of gespeel word.

8.5.9 Die vlae word so gestryk dat die Voortrekkervlag en ander vlae ongeveer 'n vlag breedte voor die nasionale vlag/vlae sak.

8.5.10 Wanneer die vlag ooghoogte bereik, vang 'n vlagdraer die vlag sodat dit nie grond raak nie. Die vlag word deur een van die vlagdraers bymekaar gemaak of oor die linkerskouer van 'n vlagdraer gedrapeer. Wanneer die saluut voltooi is en die balkies van elke vlag in die vlagdraer se hande is, word die tou los van die vlag gemaak en word die hystou se punte met 'n voorslagknoop aanmekaar geknoop. Daarna word die hystou vasgemaak.

8.5.11 Bevel: **"Voortrekkers, op die plek rus"**. Almal reageer op dié bevel met uitsondering van die vlagparade. Indien die vlae oor die skouers gedrapeer is sal daar oorgegaan word na die volgende bevel. Indien die vlae opgevou gaan word sal die volgende aksies eers uitgevoer word

8.5.12 Die vlagdraers draai na mekaar (telling: *EEN, twee, drie, EEN*). Die lid aan regterkant neem die vlag se punte in sy twee hande met die balkie in sy regterhand en die ander hoek van die vlag by die vlagtou in sy linkerhand. Die lid aan linkerkant neem die ander hoeke van die vlag in haar hande. Na 'n waarskuwende telling *twee, drie* tree elke paar dan gelyktydig een tree (telling: *EEN, twee*) agtertoe. Hulle vou nou die vlag tweekeer dubbel in die lengte terwyl die balkie steeds in die regterhand gehou word. Na 'n waarskuwende telling *twee, drie* tree elke paar gelyktydig een tree (telling: *EEN, twee*) vorentoe. Elke lid aan die linkerkant vou nou die betrokke vlag na die soomkant dubbel, deur die hoeke in die hande in die ander lid se hande te plaas en hy vat dit vas. Die lid lig sy hande effens sodat die ander lid nie hoef te buk nie wanneer die onderste deel van die vlag hanteer word nie. Vou die vlag nog 'n keer op dieselfde wyse. Rol nou die vlag styf op. Die lid aan regterkant neem die opgerolde vlag en rol die vlagtou 'n paar keer baie styf om die opgerolde vlag rol en die onderste gedeelte van die tou met 'n lus onder die slae om die vlag deursteek. Die lus moet na die balkie wys en regoor die balkie wees. Daarna plaas hy die vlag op beide handpalms van die lid aan linkerkant sodat die balkie aan lid se regterkant is. Na 'n waarskuwende telling *twee, drie* maak die vlagdraers gelyktydig 'n *links*- of 'n *regsom* (telling: *EEN, twee, drie, EEN*) sodat hulle na die vlagpale kyk en na 'n telling *twee, drie* een tree terugtree (telling: *EEN, twee*). Hulle bly in die *aandag*-posisie.

8.5.13 Bevel: "**Vlagdraers, omkeer**". Aksie volg.

8.5.14 Bevel: "**Sluit aan by die parade, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers marsjeer in een gelid totdat hulle ongeveer vyf treë by die agterste ry offisiere verby is, *halt*, maak 'n *omkeer* en kom in die *op die plek rus*-posisie of marsjeer tot by posisie voor aanvang van die seremonie.

8.5.15 Hierna draai die seremonieleier na die bevelvoerende offisier en verneem of daar enige afkondigings gedoen moet word en vra "**Toestemming om die Voortrekkers uit te tree"**. Neem dan sy vorige posisie in, doen die nodige afkondigings en ander handelinge soos deur die bevelvoerende offisier gereël.

8.5.16 Bevel: **"Voortrekkers aandag"** almal kom op aandag

8.5.17 Bevel **"Uittree"** Offisiere agter pale bly eers staan.
8.5.18 Seremonieleier maak omkeer en beveel: "**Offisiere, Uittree**

8.6 Vlagpresentering

8.6.1 Die seremonieleier laat Die Voortrekkers en gehoor aantree/sit soos vooraf beplan en almal *staan in rus* of sit.

8.6.2 Die vlagdraers plaas hulleself op 'n posisie soos vooraf beplan en bly deurentyd in die *aandag* posisie.

8.6.3 Die saluutoffisier en die godsdiensoffisier (indien toepaslik), sit naby die verhoog/ ruimte.

8.6.4 Die seremonieleier verkry eers toestemming van die bevelvoerende offisier om met die seremonie voort te gaan. Hy neem dan sy plek in die *aandag*-posisie in regs voor op die verhoog (soos vanuit die gehoor gesien) of ruimte soos beplan en kyk na die gehoor. Die nodige stilte word ordelik verkry.

8.6.5 Bevel "**Vlagdraers, aantree"**. Die vlagdraers, onder bevel van die nasionale vlagdraer, tree behoorlik aan met die nasionale vlag of vlae aan die linker en of voor die Voortrekkervlag, met die vlae nou oopgerol. Die begeleiers staan in die *aandag*-posisie aan die buitekant van die vlagdraers en hulle bly deurgaans aan die buitekant. Die saluutoffisier neem terselfdertyd sy plek links voor op die verhoog in, staan in die *aandag*-posisie en kyk na die gehoor.

8.6.6 Die seremonieleier kondig duidelik aan "**Die Voortrekkers of gehoor word versoek om op die volgende bevel op aandag te kom, op aandag te bly tot aan die einde van die seremonie en saam te sing wanneer die betrokke lied aangehef of gespeel word."**

8.6.7 Bevel: **"Voortrekkers of gehoor, aandag".** Aksie volg.

8.6.8 Bevel: "**Vlagdraers, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers marsjeer met die nodige wendings na die verhoog en hou hulle stokke korrek en ewe hoog. Wanneer die vlagdraers by die voorste ry stoele of persone verby is, beweeg hulle links en regs sodat die nasionale vlag aan die linkerkant van die verhoog (soos gesien vanuit die gehoor) en die Voortrekkervlag aan die regterkant van die verhoog/ruimte is. By die verhoogtrappe *halt* hulle vir ongeveer drie tellings en kom dan gelyktydig die verhoog of ruimte op-gestap of binnegestap na mekaar toe sonder om die arms te swaai wanneer hulle die trappies opgaan met die vlagdraers voor en die begeleiers agter. Op die korrekte afstand, wat vooraf gemerk is sodat die vlae 10 cm van mekaar af sal wees tydens presentering, *halt* hulle en maak onderskeidelik 'n *links*- en *regsom* sodat hulle na die gehoor kyk.

8.6.9 Bevel: **"Presenteer die vlae"**. Die vlagdraers maak onderskeidelik 'n *links*- en 'n *regsom* met sierlike vlagbewegings sodat hulle na mekaar kyk. Die punte van die vlag-stokke word ongeveer 10 cm van mekaar af gehou, sodat die vlae behoorlik vertoon word. Die begeleiers maak dieselfde wendings. Die betrokke lied word dan gesing/gespeel. Die saluutoffisier neem die saluut waar vir die volle duur van die sing/speel van die lied.

8.6.10 Die seremonieleier maak 'n *regsom* en beveel daarna "**Vlagdraers, links- en regsom"**. Die vlagparade draai sodat hulle na die vlagstaander kyk.

8.6.11 Bevel: "**Plant die vlae, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers beweeg na die vlagstaander agter op die verhoog/ruimte en *halt* 'n tree van die staander af. Die vlagdraers gee 'n kort treetjie vorentoe om in so 'n posisie te kom dat hulle die vlae in die staander kan plant sonder rondtrappery. Eers word die nasionale vlag/vlae en dan die Voortrekker-vlag en dan ander vlae geplant sodat die nasionale vlag aan die linkerkant hang (soos vanuit die gehoor gesien); met ander woorde die stok van die nasionale vlag word in die houer aan die regterkant van die staander gesteek en die stok van die Voortrekkervlag in die houer aan die linkerkant van die staander. Die vlagstokke kruis mekaar sodat die stok van die nasionale vlag voor die van die Voortrekkervlag is (soos vanuit die gehoor gesien). Die vlagdraers tree terug langs die begeleiers en al vier salueer gelyktydig op die telling *twee drie op, twee drie af*.

8.6.12 Bevel: "**Vlagparade, omkeer"**. Aksie volg.

8.6.13 Bevel: "**Sluit aan by die Voortrekkers of gehoor, voorwaarts mars"**. Hulle marsjeer links en regs van die verhoog of ruimte af met die begeleiers voor. Wanneer

die vlagdraers voor die seremonieleier verby beweeg, maak hy 'n *linksom*. Wanneer vlagdraers regoor die paadjie kom, maak die pare die nodige wendings sodat die lede van elke paar langs mekaar in die paadjie marsjeer met die begeleiers aan die buitekant. Hulle *halt* op die plek voor die aanvang van seremonie en maak die nodige wendings sodat hulle na die verhoog/ruimte kyk.

8.6.14 Bevel: "**Voortrekkers of gehoor, op die plek rus"**. Die gehoor gaan sit en die saluutoffisier verlaat die verhoog. Die vlagdraers tree uit op sagte bevel van die tellinghouer. Die seremonieleier verlaat ook die verhoog.

8.7 Vlagverwydering

8.7.1 Die aantreeprosedure is dieselfde as vir die vlaghysing soos in artikels 8.6.1 tot 8.6.4 omskryf, behalwe dat die vlagdraers sonder vlae en *in rus staan.*

8.7.2 Bevel: **"Vlagdraers, aantree."** Die vlagdraers kom op aandag. Die saluutoffisier neem sy plek links voor op die verhoog/ruimte in, staan in die *aandag*-posisie en kyk na die gehoor.

8.7.3 Bevel: "**Na die vlae, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers marsjeer na die verhoog/ ruimte toe en bestyg die verhoog/betree die ruimte sonder om die arms te swaai wanneer hulle die trappies opgaan met die vlagdraers voor en die begeleiers agter, maak reghoekse wendings, *halt* op die afgemerkte posisie 'n tree voor hulle vlae en salueer gelyktydig op telling twee drie OP, twee drie AF.

8.7.4 Die seremonieleier kondig duidelik aan: "**Die gehoor word versoek om op die volgende bevel op aandag te kom, op aandag te bly tot aan die einde van die seremonie en saam te sing wanneer 'n betrokke lied aangehef of gespeel word."**

8.7.5 Bevel: "**Voortrekkers of gehoor, aandag".** Aksie volg

8.7.6 Die seremonieleier maak 'n *regsom* en beveel "**Verwyder die vlae"**. Die vlagdraers gee 'n kort treetjie vorentoe, trek eers die Voortrekkervlag en daarna die nasionale vlag/vlae uit die staander en tree terug sodat hulle weer in lyn met die begeleiers kom. Seremonieleier beveel "**Vlagdraers, omkeer"**. Die vlagdraers maak nou 'n *omkeer* waarna seremonieleier beveel "**Vertoon die vlae, voorwaarts mars"**. Die vlagdraers neem die nodige treë vorentoe om een tree verby die saluutoffisier en seremonieleier te *halt*. Wanneer die vlagdraers voor die seremonieleier verby beweeg, maak hy 'n *linksom*. Wanneer die vlagdraers *halt*, word die betrokke lied aangehef of gespeel. Die saluutoffisier neem die saluut waar vir die volle duur van die sing van die lied.

8.7.7 Die seremonieleier beveel dan "**Versorg die vlae, voorwaarts mars"**. Die nasionale vlagdraer en begeleier maak 'n *regsom* en die Voortrekkervlagdraer en begeleier 'n *linksom* waarna die vlagdraers begin marsjeer (telling: *EEN, twee, drie, EEN, twee, drie, links*.) Die begeleiers tree terselfdertyd een tree terug en wag dat die vlagdraers voor stap en volg hulle van die verhoog of ruimte af. Wanneer hulle regoor die paadjie kom, maak die pare die nodige wendings sodat die lede van elke paar langs mekaar in die paadjie marsjeer met die begeleiers aan die buitekante. Hulle *halt* agter in die saal in die posisie soos tydens die vlagpresentering en maak die nodige wendings sodat hulle na die verhoog kyk.

8.7.8 Wanneer die vlagparade agter in die saal *halt,* beveel die seremonieleier: **"Voortrekkers of gehoor, op die plek rus**." Die gehoor gaan sit en die saluutoffisier verlaat die verhoog. Hierna tree die vlagdraers uit op sagte bevel van die tellinghouer. Wanneer die vlagdraers uitgetree het, verlaat die seremonieleier die verhoog. Die vlagdraers maak nou die vlae los en vou dit op.

8.8 Halfmas voer van vlae

8.8.1 Doel van roubetoon

Roubetoon aan afgestorwe beskermhere, oud-hoofbeskermhere, oud-lede en lede geskied deur die Voortrekkervlag by die eerste toepaslike geleentheid halfmas te voer vanaf vlaghysing tot vlagstryking en die lewering van 'n kort huldeblyk deur die bevelvoerende offisier of 'n offisier deur hom aangewys. Nieteenstaande die bepalings van artikel 10.2.7 van hierdie hoofstuk tree die offisier wat die huldeblyk lewer, as saluutoffisier op.

8.8.2 Vlakke van roubetoon

a) Op landwye vlak word roubetoon toegepas by die afsterwe van hoofbeskermhere en oud-hoofbeskermhere van *Die Voortrekkers,* erelede, hoofbestuurslede en oud-hoofbestuurslede.
b) Op gebiedsvlak word roubetoon toegepas by die afsterwe van beskermhere en oud-beskermhere van 'n gebied, gebiedsbestuurslede en oud-lede van 'n gebiedsbestuur.
c) Op kommandovlak word roubetoon toegepas by die afsterwe van beskermhere, offisiere en oud-offisiere, staatmakers, heemraadslede en oud-heemraadslede en jeuglede van die betrokke kommando.
d) Op kampvlak word roubetoon toegepas by die afsterwe van persone uit die geledere van die kamp.

8.8.3 Landsvlag

In geval die nasionale vlag kragtens die opdrag van die President halfmas gevoer moet word, word die Voortrekkervlag gedurende die toepaslike tydperk ook halfmas gevoer.

8.8.4 Halfmas voer van vlae

Die Voortrekkervlag en in toepaslike gevalle ook die landsvlag, word halfmas gevoer soos hieronder aangedui.

a) Behalwe dat die vlagtoue nie vasgemaak word nadat die vlae ontplooi is nie, word die vlaghysing uitgevoer ooreenkomstig die voorskrifte vervat in artikels 8. ..... van hierdie hoofstuk.
b) Nadat die saluut voltooi is en die saluutoffisier weer op sy oorspronklike plek staan, gee die saluutoffisier na 'n pousetelling van *twee, drie* die bevel "**Voortrekkervlag** (of na gelang van die geval soos bepaal in artikel 88... van hierdie hoofstuk Nasionale en Voortrekkervlag)**halfmas voer**". Die Voortrekkervlag of albei vlae in toepaslike gevalle word op dié bevel na die halfmasposisie afgetrek. Die halfmasposisie is halfpad tussen die bopunt van die vlagpaal en die punt waar die vlagtoue vasgemaak word. Die middel van die vlag moet ongeveer teenoor hierdie punt wees.
c) Nadat die Voortrekkervlag of albei vlae in toepaslike gevalle tot die halfmasposisie afgetrek is, word die vlagtoue vasgemaak.
d) Daarna word opgetree ooreenkomstig die voorskrifte vervat in artikels 8.....tot 8. van hierdie hoofstuk.
e) Daarna tree die seremonieleierparade een tree terug en die saluutoffisier tree vorentoe om 'n huldeblyk te lewer. Nadat die huldeblyk gelewer is, tree die saluutoffisier een tree terug en die seremonieleier gee een tree vorentoe om weer sy oorspronklike plek in te neem.
f) Dan word verder opgetree volgens die voorskrifte vervat in artikel 8.....en 8. van hierdie hoofstuk.
g) Die vlagstryking word uitgevoer ooreenkomstig die voorskrifte vervat in artikel 8....van hierdie hoofstuk behalwe dat:
h) die Voortrekkervlag of albei vlae soos bepaal in artikel 11.3 van hierdie hoofstuk op die bevel **Stryk die vlae** eers tot bo-aan die betrokke vlagpaal of vlagpale getrek word en na 'n pousetelling van *twee, drie* gestryk word.